

# DIE INKOMSTEBELASTINGOPGAWE VIR TRUSTS (ITR12T)

## Wat is nuut?

- **17 September 2018 - Versterkings tot die Inkomstebelastingopgawe vir Trusts (ITR12T)**  
Op 17 September 2018, het SARS verskeie veranderinge tot die Inkomstebelastingopgawe vir Trusts (ITR12T) geïmplementeer, ten opsigte van die jaar van aanslag wat op 28 Februarie 2018 geëindig het. Die veranderinge vorm deel van SARS se voortgesette pogings om doeltreffendheid en nakoming te bevorder. Indien jy jou 2018 ITR12T gestoor of ingedien het, voordat die nuutste veranderinge in werking gestel is, sal geen van die nuwe afdelings vir voltooiing aangebied word nie. Die inhoud van die opgawe is ten volle aanpasbaar, gebaseer op die antwoorde op bepaalde vrae wat aan jou gevra word vir voltooiing. [Lees meer oor die veranderinge.](#)
- **7 Maart 2018 - Grasietydperk vir die indiening van die nuwe IT10B skedule vir Beheerde Buitelandse Maatskappye (CFC's)**

Op 26 Februarie 2018, is die ou IT10B Adobe PDF skedule vervang met 'n vereenvoudigde MS Excel [IT10B-skedule](#). Die nuwe skedule stel belastingpligtiges in staat om alle CFC-inligting te verklaar, vanaf die 2012 jaar van aanslag, in een gekonsolideerde skedule wat nie die beperking op die oplaai van lêers op SARS eFiling oorskry nie.

Om belastingpligtiges te akkommodeer wat reeds hul CFC-inligting op die ou skedule voorberei het, sal SARS 'n grasietydperk aan alle belastingpligtiges toestaan waarin die ou skedule aanvaar sal word as geldige stawende dokument vir alle inkomstebelastingopgawe indienings voor 1 Junie 2018. Die beperking dat slegs die eerste 10 skedules as stawende dokumente tot die inkomstebelastingopgawe gelaai moet word, in gevalle waar daar meer as 10 CFC's is, sal van toepassing bly ongeag of dit die ou of nuwe skedules is. SARS moedig egter belastingpligtiges, wat nog nie hul CFC-inligting begin voorberei het nie, aan om van die vereenvoudigde MS Excel [IT10B-skedule](#) gebruik te maak.

Vanaf 1 Junie 2018, moet alle belastingpligtiges wat, tesame met enige verbonde persoon, minstens 10% deelnemingsregte in enige CFC hou, die CFC inligting op die nuwe [IT10B-skedule](#) voltooi. Die nuwe IT10B-skedule moet as stawende dokument ten opsigte van CFC's opgelaaai word vir alle inkomstebelastingopgawes wat vanaf 1 Junie 2018 ingedien word.

## Wat is 'n trust?

Die inkomstebelastingopgawe vir trusts word die Inkomstebelastingopgawe vir Trusts (ITR12T) genoem.

## Hoe sal ek die ITR12T verkry?

Die vorm (ITR12T) is beskikbaar op [eFiling](#) of kan by 'n SARS-tak, namens die verteenwoordiger/belastingpraktisyn van die trust (sien afdeling oor "How to submit the ITR12T") vasgelê word .

'n [Voorbeeld van die nuwe ITR12T vorm](#) is beskikbaar om af te laai. Sou jy 'n SARS-tak vir vaslegging besoek, sal jy die vorm moet invul voor jy na die tak gaan. Vir meer inligting oor hoe om die ITR12T te voltooi, [klik hier](#).

**Top wenk:** Jy sal nie meer kan versoek dat die ITR12T aan jou gepos word nie en trustopgawes wat per pos ontvang word, sal nie meer aanvaar word nie.

## Hoe om die ITR12T in te dien?

Jy kan die ITR12T deur die volgende kanale indien:

- eFiling: Belastingpligtiges wat nog nie vir eFiling geregistreer het nie, word aangemoedig om te registreer, omdat dit jou in staat sal stel om die opgawe aanlyn te voltooi en in te dien, in 'n veilige omgewing.
- SARS-tak: Indien jy 'n trust met tien of minder begunstigdes verteenwoordig, het jy die opsie om die opgawe deur 'n agent by 'n tak te laat vaslê. Druk asseblief die opgawe uit en voltooi al die nodige afdelings voordat jy die tak besoek. Jy kan die ITR12T-opgawe vanaf eFiling aflaai. SARS-takke sal nie meer die ITR12T druk nie.

Enige trust wat belasbare bedrae gemaak het, wat aan **meer as tien begunstigdes** verdeel/gevestig is op enige tydstip gedurende die jaar van aanslag (YOA), **moet registreer en die ITR12T deur eFiling indien**.

Enige trust wat belasbare bedrae gemaak het verdeel aan / gevestig in **minder as tien begunstigdes** kan registreer en die ITR12T deur eFiling indien. Hoewel, indien die trusts in die laasgenoemde geval nie geregistreer is nie, moet die verteenwoordiger/belastingpraktisyn 'n SARS-tak besoek om die opgawe te laat vaslê.

## Benodig jy hulp?

- Lees meer oor die [soorte trusts](#)
- Lees meer oor [hoe om as trust te registreer](#)
- Lees meer oor [hoe om die ITR12T te voltooi](#)
- Skakel die [SARS-kontaksentrum](#) by 0800 00 SARS (7277)
- Besoek jou naaste [SARS-tak](#).

Om die blad in ander tale te besigtig, klik op die skakels hieronder:

- [Afrikaans](#)
- [IsiZulu](#)
- [Sepedi](#)
- [Sesotho](#)
- [Xitsonga](#)